NGK SINODE GOUDLAND

GOUDPOS

NUUSBRIEF NR 32 - 2018 • WWW.GOUDLAND.ORG.ZA

Sinode 31 Oktober 2018

Die Sinode van Goudland sit hierdie jaar op 31 Oktober 2018 te Tetelestai in Helikonpark, Randfontein, die Tuiste van die Sinode. Maak asseblief seker dat julle geloofsbriewe betyds by julle STREEK-SKRIBAS ingehandig word.

NUUS VAN ONS GEMEENTES

NG Gemeente Fochville-Noord: Vakature: Voltydse Medeleraar

Die NG Gemeente Fochville-Noord stel hiermee in biddende afhanklikheid van God 'n vakature bekend vir 'n geskikte aansoeker om as voltydse leraar in die gemeente te kom dien.

Gemeenteprofiel:

Fochville-Noord is 'n dinamiese groeiende gemeente in Fochville. Fochville lê tussen Potchefstroom en Johannesburg naby aan die N12 roete. Dit is 'n groeiende groot dorp wat as voorstedelike platteland beskryf kan word. Die gemeente het 'n missionêre karakter en bereik elke jaar verskillende hoogtepunte as deel van sy leuse; "Voluit vir Christus".

Alhoewel ons 'n plattelandse gemeente is is ons sentraal geleë naby verskillende groot sentra in die Sinode van Goudland. Die dorp het 'n groot Afrikaanse Hoërskool en twee groot Laerskole. Die gemeente bestaan uit 1 160 belydende lidmate en 330 dooplidmate.

Leraarsprofiel Van Die Geskikte Kandidaat:

Leraars van die Ned. Geref. Gemeente wat aan die volgende vereistes voldoen is welkom om aansoek te doen.

- Beskou die verkondiging van die Evangelie as 'n prioriteit en voorreg.
- Is passievol oor Christus en sy kerk en kan gemaklik met mense omgaan.
- Het 'n roeping om alle mense van ons gemeenskap met die liefde van Jesus Christus in woord en daad te bereik.
- Beskou huis- en pastorale besoeke as belangrik.
- Wil werklik binne die gemeenskap waarin ons kerk is, 'n verskil maak.
- Beskik oor die gawes om gelowiges toe te rus vir hulle dienswerk en hulle te ondersteun.

- Kan met kinders en jongmense binne hulle lewenswêreld vereenselwig en hulle bedien.
- Beskik oor leiers- en bestuursvaardighede om bogemelde bedieninge te laat vlot.
- Kan in spanverband op verskillende vlakke met medegelowiges saamwerk tot eer van God:

Vergoeding:

'n Kompeterende pakket met die sinodale skaal as riglyn sal onderhandel word.
'n Ruim pastorie sal tot beskikking gestel word van die leraar.

Aansoeke:

Aansoeke kan per e-pos gestuur word of gefaks word na die onderstaande adres en moet 'n kort CV insluit. Daarin moet duidelik gemaak word waarom jy dink jy inpas by die bogemelde leraarsprofiel. Die Kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie.

Sluitingsdatum: 26 Oktober 2018

Navrae:

Ds. Johan Brink 018 771 6567 of 083 459 5214 - epos: jpabrink@gmail.com
Oudl. Nic van der Werff 018 771 6019 / 083 303 0900
Skribas: Petru Barnard / Driekie Nortjé 018 771 6003
Kerkkantoor e-pos: skriba@ngfochvillenoord.co.za - Kerkkantoor faks: 018 771 5422

NUUS VAN ONS RINGE

Voorstelle oor grondhervorming

Die Ring van Vanderbijlpark het versoek dat hulle besluit oor Grondhervorming deurgegee word na Goudland se Sinode vir kennisname. Lees besluite hier

Ds Frits Badenhorst: Ring: Vanderbijlpark

NUUS VAN ONS SINODE

NUUS VAN DIE ALGEMENE SINODE

Wat moet ons diskoers in hierdie tyd wees?

Die kerk se belydende aard behoort altyd sy identiteit te vorm. Die geloofsinhoud put ons uit God se openbaring in Christus - 'n openbaring wat ons vorm tot 'n 'belydenis-kerk'. Só getuig die 11 voorsitters van die NG sinodes onder meer ná afloop van 'n geseënde en diepgaande byeenkoms in Augustus 2018 in Wildernis. Ds André Olivier van Sinode Namibië, het na afloop van dié byeenkoms, 'n samevattende gespreksdokument saamgestel, lees dit gerus hier. (met dank aan Feldmuis)

NUUSBROKKIES

Kan daar iets goeds uit die NG Kerk kom?

By die Vrystaatse Week vir Verdere Bedieningsontwikke¬ling het dr Johan van der Merwe, predikant van die NG gemeente Stellenbosch, 'n aantal scenario's voorgehou oor hoe die pad vir die NG Kerk vorentoe lyk.

Deur 'n gemeente se kapasiteit vir innovasie en inkarnasie (praktiese diens op grondvlak) met mekaar in verband te bring, ontwikkel hy vier moontlike scenario's. Op hierdie manier skets hy 'n gepaste roetekaart vir gemeentes. Daarmee het hy die vraag probeer beantwoord of daar iets goed uit die NG Kerk kan kom. Kerkbode doen verslag.

Die kerk se gesprek oor seksualiteit

– Nelis Janse van Rensburg

Die veelbesproke aansoek van die 11 lidmate by die hooggeregshof in Pretoria om die NG Kerk se 2016-besluit oor selfdegeslagverhou¬dings ter syde te stel, is op 22 Augustus aangehoor. Die hele aanloop tot die hofsaak en die dag in die hof was om baie redes vir my 'n slegte en ontwrigtende ervaring. Lees verder


IVDICIVM
SYNODI
NATIONALIS
REFORMATARVM
ECCLESIARVM BELGICARVM,
habitæ
DORDRECHTI
Anno 1618. & 1619.
QVINQVE DOCTRINAE
Cum Privilegio.

Dordtse Leerreëls belig

Gert Duursema het by die onlangse ASM-vergadering 'n aanbieding oor die 400-jarige viering van die sinode van Dordrecht aangebied. Die aanbieding is op die webwerf van die sinode in Noord-Kaapland – klik hier. Die titel van die PowerPoint is: "Die sinode van Dordrecht: 1618 – 1619 en 2018 – 2019." Notas is by elke skyfie oor die aspekte wat toegelig word, geplaas.

Kontak Gert by 082 809 9977 of gertduursema@outlook.com met navrae. (Berig met dank aan Noord-Kaapland e-nuus).

How can we creatively engage our cities?

Qideas recently had a series of discussions on the question of creatively engaging our cities. Link that to dr Johan van der Merwe's accent on innovation (previous paragraph). It is an excellent discussion of an important theme – click here. (met dank aan Grenspos)

'God se plan met die kerk'

Die dominees van die NG gemeente Riebeeckstad, by Welkom op die Vrystaatse platteland, dink aan 'n nuwe toekoms vir die kerk – een waar almal welkom is, waar die kerk die hele gemeen¬skap dien. NEELS JACKSON vertel. Lees verder

Nuut van Bybelgenootskap van SA: Engelse e-Bybels

Twee nuwe volledige e-Bybels in Engels is nou beskikbaar: die ESV (English Standard Version) sowel as die NIV (New International Version). Daar is Kindle- en ePub-weergawes. Die ESV se Kindle-uitgawe is by Amazon en die ePub-uitgawe by Kobo en Takealot. Kry die NIV se Kindle-uitgawe hier by Amazon en die ePub-uitgawe hier by Kobo. (met dank aan VrydagNuus)

CLF nooi gemeentes om hul bediening te ondersteun

In 'n brief aan kerkrade, nooi CLF gemeentes om deel te raak van hul missie om die Woord van God na mense te neem – in hul eie taal. In die uitvoering van hierdie doel is miljoene pamflette sedert 1957 versprei, met net duskant 90 000 Kinderbybels wat ook in sewe tale beskikbaar gestel word.

Laai gerus 'n PP-aanbieding (12 MB) oor CLF se werk hier af. Oorweeg gerus ook om die nuwe CLF-toepassing ("app") aan te skaf.

Liedboek-Toep

Laai die toep gratis af deur op die volgende skakel te klik (Google Play): Liedboek (NG Kerk). Op die webbladsy word dit soos volg beskryf: "Die NG Liedboek bevat al die liedere wat tans in die NG Kerk gesing word, onder meer:

- Psalm 1-150
- Liedboek Liedere 151-602

Sleutelkenmerke:

- Maklike liedkeuse
- Skep van sanglys
- Versspesifieke vertoning
- Keuse tussen verskillende liedweergawes
- Alle verse word met note vertoon
- Lys van liedere in NG Liedboek."

Die Liedboek toep is sedertdien opgedateer met nuwe funksies en 'n nuwe gebruikerskoppelvlak. Die grootste verbeteringe is dat:

- daar 'n gevorderde soekfunksie is sodat gebruikers gepaste liedere kan opspoor op grond van 'n kombinasie van sleutelwoorde. Dit behoort musiekleiers en predikante te help met hul erediensbeplanning.
- dat daar na opnames van liedere geluister kan word – ook om dit makliker te maak om liedere te kies.
- dat die inhoud uitgebrei is om die belydenisskrifte en verskeie van die kerk se formuliere in te sluit.e Skrif nie."

(met dank aan Noord-Kaapland se eNuus)

BYBEL-MEDIA

Uit die Beek 2019

Vanjaar verskyn die klassieke Uit die Beek weer uit die pen van die bekroonde skrywer Barend Vos.

Die tekskeuse vir elke dag is op die Revised Common Lectionary gebaseer. Dit maak hierdie geliefde Bybelse dagboek soos altyd geskik vir persoonlike stiltetyd, vir huisgodsdiens en vir Bybelstudiegroepe. Mag hierdie jaar vir jou 'n besondere tyd van geestelike groei wees, sodat jy die Here sal leer ken soos Hy werklik is.

Die goeie nuus vir gemeentes is dat Bybel-Media hierdie gewilde dagboek – Uit die Beek 2019 – met 'n uitstekende afslag aanbied. Koop vyf dagboeke en kry die sesde een gratis! Só kan jy aan gemeentelede Uit die Beek teen minder as die rakprys aanbied. Koop hier.

KURSUSSE EN SEMINARE

Tekslees met fokus op ekonomie 29 en 30 Oktober 2018

Noordelike Sinode se Taakspan vir Ekonomie bied in samewerking met Excelsus 'n teksleesgeleentheid by Good Shepherd Retreat-sentrum naby Hartbeespoortdam aan. Dié geleentheid skop op **Maandag 29 Oktober 2018 om 10:00 af en sluit op 30 Oktober 2018 om 12:00** af.

Dit koste beloop R650 per persoon (Noordelike Sinode se predikante betaal slegs R500 - sinode subsidieer die res). Koste sluit jou eie en suite-kamer, verversings, middagete, aandete en ontbyt in. Bring jou eie handdoek, swembroek en spesiale drinkgoed saam, asook ('n) Bybel(s) van jou keuse.

Ons oogmerk met die geleentheid is om saam te soek na 'n verantwoordelike interpretasie van die Bybel ten opsigte van huidige ekonomiese uitdagings, sodat predikante, lidmate en gemeentes op 'n etiese-verantwoordbare wyse hulle ekonomiese bedrywighede kan rig. Almal wat die geleentheid bywoon verdien 10 VBO-punte.

Om in te skryf, voltooi die aangehegte inskrywingsvorm en stuur dit saam met die bewys van betaling na excelsus@up.ac.za voor of op **26 Oktober 2018**.

Die Impak Van Boelie Op Kinders En Jongmense

Praktiese En Pastorale Riglyne

Prof Wentzel Coetzer bied op **Saterdag 3 November 2018** te Potchefstroom hierdie kursus aan vanaf 08.00 – 13.00 by die Studente Hervormde Kerk – Silwer str 19, Potch (net langs klein kragstasie)

Die probleem rondom boelie het die afgelope aantal jare al meer aktueel geraak in ons skole. Namate die Internet al meer prominent begin raak het, het daar ook 'n al groter skuif begin plaasvind vanaf fisiese boelie na kuberboelie toe. Navorsing toon aan dat 88% van tieners wat gebruik maak van sosiale media by geleentheid waargeneem het hoedat daar soms wreed en gemeen gereageer word via sosiale netwerke. 15% het aangedui dat hulle persoonlik kuberboelie ervaar het gedurende die voorafgaande 12 maande. 32% van die leerders aangedui dat hulle by geleentheid onderweg skool toe, of by die skool deur 'n ander leerder geslaan is. In die literatuur is daar ook verskeie voorbeelde van kinders wat reeds hul eie lewens geneem het as gevolg van treitering en boelie, hetsy fisies of via die Internet.

Akkreditering: 5x VBO punte – asook 4x CPSC punte

Koste: R250 pp (eggpare: R350; studente: R150)

Om te bespreek: U moet vooraf die nodige fooie inbetaal by:
Capitec spaar rek: 1487438425 - takkode: 470010
Rek naam: Prof WC Coetzer (bevestig dan asb daarna per e-pos)

Navrae: 0836600409 of 0825778810 of e-pos: wentzelc@gmail.com

---

VAKATURES

Vakatures in Kerkbode geadverteer

'n Lys van vakatures vir predikante, ander kerklike amptenare en verwante kerklike instansies is gerieflik beskikbaar in die NG Kerk se amptelike kerkkoerant, Kerkbode. Dit word ook via die nuwe e-Kerkbode elektronies versprei na predikante en gemeentes, sowel as ander intekenare. Klik hier vir die jongste vakatures in die NG Kerk-familie: http://kerkbode.christians.co.za/category/vakatures/

AFLOSPREDIKANTE

- Hennie le Roux: Preekbeurte – sel: 082 374 2208, epos: hennieleroux@yebo.co.za – Wesrand
- Zachie le Roux: Brugpredikant, preekbeurte – sel: 083 799 5911, epos: zachie.leroux@gmail.com – Randburg
- Dr Meyer de Kock: Termyn-aflos 4-6 weke op platteland – sel: 082 459 6707, epos: gelmi@absamail.co.za – Odendaalsrus
- Dr Henk Gous: Preekbeurte – sel: 083 267 0108 - epos: henkgous@mweb.co.za
- Hennie Lombard: Beskikbaar vir optredes op die Wesrand of selfs verder – tel: 011 672 4610 of 072 231 7626, epos: hennielombard@telkomsa.net
- Terence Cooke: Preekbeurte – sel: 0827759570, epos: cookie@telkomsa.net - Potchefstroom.
- Matthys Steyn: Preekbeurte en aflos – epos: grootthys@gmail.com, sel: 0824595139 - Wesrand
- Swannie Swanevelder: Poppekas-bediening - van voorskool tot hoërskool - sel: 072 187 0259 - Wesrand
- Andries Grobler: Brugbediening, kort en langer aflostermyne, preekbeurte - sel 081 341 0659 of 011 954 2357, epos: andries.grobler@gmail.com - Wesrand
- Johan Ainslie: Aflos, preekbeurte - sel: 083 310 9268 - Wesrand
- Elize Nel : Aflos preke ens. - sel: 082 475 2740 - Zeerust
- Benjan Knoetze: Preekbeurte, aflos - benjanknoetze@gmail.com - 082 505 2924 - Potchefstroom
- dr Theo Marais: Aflos, preekbeurte - theo@constantiakruin.co.za - 082 5700 769 - Wesrand
- Stanus Cloete: Afloswerk en preke - stanus@agosolf.co.za - 082 887 9600 - Randburg.
- prop Bernice Baard: Afloswerk en preke - 082 372 9339 - bernice1.baard1@gmail.com - Wesrand

Laat weet asseblief as jy beskikbaar is as aflospredikant, asook vir preekbeurte, of as jy van 'n proponent of emeritus-predikant in die gemeente weet wat beskikbaar is vir preekbeurte of aflos. Stuur assebblief kontakbesonderhede aan ds.noel@ngkgoudland.org.za

---

INTEKEN/KANSELLEER

- Ek wil asb inteken op GOUDPOS
- Kanselleer my intekening op GOUDPOS